

Sondag 18 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14:14-20

Fokusgedeelte: Openbaring 14:14-16

Die oordeelsdag: 'n dag van vreugde of 'n dag van verskrikking

Dit waarop die hele wêreldgeskiedenis afgestuur het ... dit waarop al God se kinders so in afwagting gewag het ... het uiteindelik aangebreek: *die dag waarop Christus weer gaan kom om die lewendes en die dooies te oordeel*. Vir sommige 'n dag van groot vreugde; vir ander 'n dag van groot verskrikking. Hang net af van watter oes jy is.

Dit blyk uit ons Skrifgedeelte as Johannes *'n wit wolk sien, en iemand soos die Seun van die mens wat daarop sit*. Hy't 'n goue kroon op sy kop gehad en 'n sekel in die hand (vs14). Hierdie "*iemand*" is niemand anders as ons Here Jesus nie. Hy wat weer gekom het (soos belof) om die oes af te haal.

Dan is daar twee oeste ter sprake: *'n graanoes en 'n wynoes*:

- Van die *graanoes* lees ons in vers 15 en 16. Hierdie oes is die heenwysing na al die uitverkorenes wat gelowig op God se stem gereageer het. Die mense by wie die saad van die Woord op goeie grond geval, en die vrugte van bekering gedra het (Matt. 13:8, 23). Met die oordeelsdag gaan hulle saam met Christus die ewige heerlikheid in. Hiermee die vervulling van Jesus se Hoëpriesterlike gebed: "*Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees ...*" (Joh. 17:24). Die mense wat skoongewas is deur die bloed van die Lam (Sb 8:2 berymd).
- Van die *druweoes* lees ons in vers 18 en 19. Hierdie woorde is die vervulling van Jesaja 5 waar God vir Hom 'n wingerd geplant het met die doel dat dit goeie druwe sou voortbring. Dit het egter wilde druwe opgelewer. Dis nou hierdie druwe wat ryp geword het. Want in God se genade en lankmoedigheid is die mens tot bekering geroep. God wat sy profete, selfs sy Seun gestuur het, maar hulle wou nie hoor nie. Nou het die genadetyd uitgeloop. Die sekel wat ingestek word en die goddelose wat afgeoes moet word om in die parskuip van God se oordeel getrap te word (vs 20).

Hiervolgens sal die uitwerking van God se toorn verskriklik wees oor dié wat die Woord gehoor, maar hulle nie bekeer het nie. Vir hulle sal die oordeelsdag iets verskrikliks wees. God se uitverkore kind het egter niks te vrees nie. Vir hulle sal die oordeelsdag 'n dag van groot vreugde wees. Hulle het immers die troos "*dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne afwagting as Regter uit die hemel verwag wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het*" (HK Sondag 19). Dieselfde Here wat al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp en wat my en al die uitverkorenes na Hom sal neem. Wie so hierna kyk, kan nie anders nie as om saam te bid: "*Kom, Here Jesus, kom gou!*"

Sing: Skrifberyming 31:2, 3 (7-1)

Ds. PC van Rooy (Nelius) (Elandskraal)